

Konsilie van die Geloftevolk van SA

Geloofs vraagstukke binne die Geloftevolk

15 April 2017

Vind die Hervorming van 500 Jaar gelede neerslag in die hedendaagse geloofbeoefening van ons volk? (2)

Inleiding

Vanjaar 500 jaar gelede bring ons by die datum 1517. Dit het ons Hemelse Vader behaag en HY het dit gewil dat die stigting van n verversingspos uitgegroeï het tot n volksplanting hier in die Suidpunt van Afrika. Vanaf die ontdekking van die seeweg om die Kaap deur die Portugees, Bartholomeus Diaz, in 1488 tot en met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 is 164 jaar. Gedurende die 164 jaar het daar honderde skepe by die Kaap aangedoen en het talle individue of skipbreukelinge aan langer verblyf gedink, maar dit het nooit tot volksplanting gekom nie.

Dit was die wil van ons Hemelse Vader dat dit nie misdadigers, afvalliges of enige skipbreukelinge die verversingspos begin nie, maar deur twee gelowige , Godvresende, Gereformeerde mense wat van suiwer Protestantsantse en Hugenote oorsprong was. As hul Rooms Katolieke was , sou die geskiedenis volledig anders verloop het.

Met 31 Oktober 2016 so pas agter die rug het ons nou die 500 ste jaar na die Protestantse Hervorming betree. 31 Oktober 1517 om presies te wees het die Augusteinse monnik Martin Luther die berigte 95 stellings teen die deur van die Wittenbergse kerk in Duitsland vas gespyker. Op daardie stadium toe Luther daardie spyker getref het was hy self nog deel van die Rooms Katolieke Kerk. Maar dit kan ook met oortuiging gese word dat sy vertroue in die Rooms Katolisime n groot knou toegedien is.

Veral omdat Rooms Katolisime die doktrine van aflaat briewe toegepas het om sodoende dan jou sondes daardeur af te koop. Miskien het Luther dit uit gekree dat aflaat briewe n leun is en dat God se

vergifnes van sonde nie te koop aangebied kan word nie.....1517 NM het hierdie aksie teen die aflat briewe Europa behoorlik laat dreun van murmurering soos hierdie aksie se gebeure al verder deur Europa versprei het. Luther het basies God se Fakkelt geword om die onkeerbare Reformasie aan die brand te steek. As gevolg van Luther se optrede het duisende mense hul vertroue in die Priesters en Pous verloor en sodoende die Rooms Katolieke Kerk verlaat. Protestantse kerke soos die Lutherse Kerk, Presbiteriaanse Kerk, Baptiste kerk, Metodiste Kerk het ontstaan en so ook later die Protestantse Gereformeerde kerke vandag.

My vraag is weereens; Vind die Hervorming van 500 Jaar gelede in Europa neerslag in die hedendaagse geloofbeoefening van ons volk?

Wanneer n getroude paar hul huwelikherdenking vier, sou dit mos gepas wees om darem terug te kyk en te herleef, of immers te onthou hoe hulle aan mekaar trou beloof het en mekaar deur duk en dun by te staan.

Wat doen die Protestantse kerk vandag met die Hervorming herdenking? Kom die kerk vandag nog die Protes boodskap na? Hou die kerk nog die fakkel brandend wat ons Almagtige God deur Luther brandend gemaak het?

Ongelukkig moet ons erken dat net die teenoorgestelde gebeur. Insteede van die Hervormende fakkel van waarheid bo tradisie op te hef en op te hemel waardeur Martin Luther ook sy lewe gewaag het, het die Lutherse Kerk begin om hande vas te hou met die Roomse kerk.

Ek haal aan wat die opskrif was in n artikel in die Katolieke publikasie

Crux: Taking the Catholic Pulse

"Catholic and Lutheran Churches pledge to work for Shared Eucharist" dan is daar die foto van Pous Francis wat die

"General Secretary of the Lutheran World Federation" die ene Martin Junge, wat mekaar omhels nadat hulle die gesamentlike

ooreenkoms onderteken het “ ***to remove the obstacles to fully unity between their Chuches***” Hulle byeenkoms op 31 Oktober 2016 het in Swede plaasgevind in die dorpie Lund, “ ***to commemorate the 500th anniversary of the start of the Reformation***”

My vraag is weer: Vind die Hervorming van 500 Jaar gelede in Europa neerslag in die hedendaagse geloofbeoefening van ons volk?

Op 30 Oktober 2016 het die ene Jacob Lupfer n religieuse verslagewer van die “***Religion News Service***” die volgende kwyt geraak...dat hy sal toesien en ondersteun dat Protestantisme n stadige natuurlike dood moet sterf. Die stelling wat egter hier gemaak is, is ook gebaseer op wat pastoor Rick Warren gemaak het van die “***Southern Baptist Mega-Church***” wat gese het dat die woord “***Protestant***” ***itself is an old term. It’s like saying “I am a Pelgrim” No one calls themselves a Plegrim or a Puritan anymore” In other words RIP... Protestantism is deceased.***

Verder het die verslagewer die slot opmerking gemaak “***five centuries is a long time...in another 500 years , Protestantism will have either gone back to Rome or splintered into a billion churches.***”

Tog is hierdie opmerkings gegrond en hoef ons nie die stellings met agterdog te bejeen nie, as ons oplet na die Profetiese tekens rondom ons nie.

(Dan 12:4 AOV) En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.

(Luk 17:28 AOV) Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou.

(Luk 17:29 AOV) Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en

swawel van die hemel af gereën en almal vernietig.

(Luk 17:30 AOV) Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.

(Luk 21:25 AOV) En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,

(Luk 21:26 AOV) en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

(Luk 21:27 AOV) En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid.

(Luk 21:28 AOV) En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.

Ons Verlosser sal seer sekerlik kom nog voor die 500 jaar van die ene Jacob Lupfer ter sprake gaan kom

(1Ts 5:1 AOV) Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;

(1Ts 5:2 AOV) want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.

(1Ts 5:3 AOV) Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.

(2Pe 3:1 AOV) Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwere gesindheid opwek,

(2Pe 3:2 AOV) sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser.

(2Pe 3:3 AOV) Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel

(2Pe 3:4 AOV) en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.

(2Pe 3:5 AOV) Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God,

(2Pe 3:6 AOV) waardeur die toenmalige wêreld met water oorstrom is en vergaan het.

(2Pe 3:7 AOV) Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.

(2Pe 3:8 AOV) Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een

dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.

(2Pe 3:9 AOV) Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

(2Pe 3:10 AOV) Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

(2Pe 3:11 AOV) Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? —

(2Pe 3:12 AOV) julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

(2Pe 3:13 AOV) Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

(2Pe 3:14 AOV) Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.

Dit is veral relevant in die lig van die hedendaagse politieke invloed van Pous Francis en sy ekumene aktiwiteite. Die basiese beginsels van die Protestantse Hervorming in die 16 de eeu is nog steeds Skriftuurlik branded en sal steeds branded bly soos die Skrifte dit uitspel.

(2Ts 2:3 AOV) Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf

(2Ts 2:4 AOV) die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

(Opn 13:1 AOV) (12:18) En ek het op die sand van die see gaan staan. (13:1) En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.

(Opn 13:7 AOV) Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.

(Opn 17:1 AOV) En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit,

(Opn 17:5 AOV) en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

(Opn 18:4 AOV) En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit,

my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.

Hewig onsteld het Luther tot die besef gekom dat hy die Christus en die Anti-Christus ontdek het. Soos gelei deur die Gees van God het Luther uiteindelik bande met die politieke korekte Katolieke Kerk gebreek en tot die publiek uitgereik en dit om omwonde gestel dat Katolisisme n uitgeslape wanvoorstelling van Christelike godsdienstbeginsels is. Hierdie lering het nugtere Protestantse leerstellings geword wat ook gedeel is deur Johannes Calvein (Presbyteriaanse kerk) John Wesley (Metodistiese kerk) Charles Spurgeon (Baptistiese kerk) Matthew Henry (Bible Commentator) en nog baie meer. John Foxe die skrywer van die boek “***Foxe’s Book of Martyrs***”

“The kings of the earth give their power to the beast”

Maar moet ons nie dalk erken dat tye verander het nie? Wel as ons wonder daaroor, dit is so, maar Rooms Katolisisme het nie. Selfs in die 21ste eeu is Rooms Katolisisme steeds besig met hul oorspronklike doktrines en dogmas.

- Pous Francis is steeds besig die lering om Maria te aanbid asook dooie afgestorwe heiliges van vroer.

(1Ti 2:5 AOV) Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,

(Joh 14:6 AOV) Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

(Joh 15:16 AOV) Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

- Die Roomse Katolieke Kerk leer nog steeds vandag dat sy die enigste ware kerk en bruid van Christus is omdat haar pouse die opvolgers is van Petrus, wat kwansuis die eerste Pous was en waarop Jesus Christus sy kerk gebou het.

Ongelukkig vir die Katolieke Kerk kom die woord Pous nie in die Skrifte voor nie. En ook se Jesus *nie* vir Petrus jy is Petrus en op jou sal ek

my kerk bou *nie*.

(Mat 16:18 AOV)

En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie **rots** sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

(Mat 16:21 AOV) Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.

(Mat 16:22 AOV) Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!

(Mat 16:23 AOV) Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

Mat 16:24 AOV) Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

(Psa 18:2 AOV) (18:3) Die HERE is my **rots** en my bergvesting en my redder; my God, my **rots** by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my **rotsvesting**.

- Die Rooms Katolieke Kerk is steeds besig met doktrines van om voor beelde te buig, Rympies op te se, dat dit steeds geldigheid is om sondes te bely by priesters en nog vele ander mens ingestelde rituele.
- Sonder teenstand is Protestante besig om vandag eenheid met die Rooms Katolieke Kerk te soek en kom die profesie van Openbaring 13 in vervulling

(Opn 13:3 AOV) En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.

In Wittenburg hierdie jaar 2017 is daar n ongewone bedrywigheid aan die gang. Oral is daar in die middle van die stad plakate op “**Luther 2017, 500 years of Reformation**”

Wittenburg is besig met modulering en tuinboukunde. Dit lyk of daar n groot ding gaan plaasvind in die stad.

Daar is ook ander plakate wat se

”Theme year 2014: REFORMATION AND POLITICS”

Dit is voorwaar baie interressanter as wat ek gedink het. In die voorkant van die stadshuis is daar n groot aardbol geplaas waar die hele wereld in rooi uitgebeeld word. Die kleur van Hervorming en Revolusie. In die middle van die aardbol staan daar ***“REFORMATION 2017”***

Daar is selfs mense wat se dat die Pous Francis na Wittenburg gaan kom gedurende die feestelike geleentheid.

Ek het weer n vraag: Waarom wil die Pous juis Wittenburg besoek wat die begin en middelpunt is van die Hervorming en waar Martin Luther die 95 stellings teen die Katolieke Kerk uitgestal het.

Die hoogste verteenwoordiger van die Duitse Protestantisme: ***“Nikolaus Schneider, Chairman of the Council of the Evangelical Church in Germany”*** het persoonlik met die pous ontmoet en Pous Francis uitgenooi na die Hervormings herdenkings geleentheid in Duitsland. Dit is beklemtoon in die ontmoeting hoe belangrik dit is dat kerke saam sal loop op die pad van geloof en belydenis. Schneider het erken dat die geprek met die Pous en die Vatikaan vertrouwe geskep het. Die Pous het egter nog nie besluit of hy die uitnodiging na Wittenburg gaan aanvaar of nie.

Gedurende 1540 het die Katolieke kerk teen-Hervorming aksies geloots teen Protestantisme. Dit het egter in later jare begin verander na n mede-Hervorming volgens die Biskop van Magdeburg in Duitsland, n meeloper van die Katolieke ekumene met ander kerke. Volgens die Biskop het die Rekonsliasie/ versoenings proses al jare terug begin met Protestantse Christene. Hy se verder dat hy dit baie sal waardeer as dit nie net onder die leiers van die kerke plaasvind nie maar dat elkeen moet verander en vorentoe moet beweeg. Daar moet egter nog duidelikheid verkry word oor hoeveel eenheid daar verkry moet word.

Dan is daar in Wittenburg ook nog die opspraakwekkende ***“Luther***

garden – a Global ecumenical network”. Dit is gereel deur die **“Lutheran World Foundation and United Evangelical Lutheran Church**” van Duitsland. Die Idee is dat in hierdie tuin daar 500 bome geplant moet word, een vir elke jaar van die Hervorming. In die middle van die tuin is daar n formasie van die Lutherse Roos wat ook simbolies is van Luther se geloof en teologie. Hier is daar 5 bome een vir elke blomblaartjie. Vandaar is daar 7 paadjies wat uitloop simbolies in die wereld in. In hierdie tuin is daar leterlik bome van elke continent wat deur verkeie kerke en denominasies daar verteenwoordig word in n globale ekumene network. Op elke boom wat daar geplant staan is daar n uitkenningsplaatjie vas gespyker met naam van die continent en kerk instansie wat dit verteenwoordig. Huidiglik is 230 bome al geplant van regoor die wereld wat geplant is deur verskillende kerke. En ek wonder of u kan raai watter kerk nommer een plaatjie het en wat ook in die Lutherse Roos formasie gevind kan word en in die middle van die park staan. Die Roomse Katolieke Kerk nommer 1. Van daar volg die ander soos die Ortodox Church nommer 2 the Anglican Communion nommer 3, World Alliance of Reformed Churches nommer 4 en die World Methodist Council op nommer 5. Een van die verantwoordelike persone vir die konsep en ontwerp van die **Luther garden** se per geleentheid :

“I hope this garden will one day grow into a park. A park in which people can gather under the trees, a park that grows together , just as the Christian World Religion should grow together one day”

Die gehoor van baie Charismatiese Christen leiers het hierdie boodskap hartlik aanvaar en terwyl die Protestantse Kerke opgehou het om te Protes is die Roomse Katolieke Kerk besig met boodskappe van **“From Conflict to Communion”** met die Lutheraanse kerk waar hulle n deklarasie van regverdiging deur geloof in 1999 onderteken het om sodoende die verskille in die teologiese pad nouer te maak. Dit wil voorkom dat die stydbyl begrawe is wat al van die 16de eeu in gebruik was waar wederkerige verwerping van mekaar se geloof die stryd was. Daar is ooreengekom om hierdie gedenkwaardige jaar twee sake te

oorbrug: “***the purification and healing of memories and the restoration of Christian unity in accordance with the truth of the gospel of Jesus Christ***” So nooi hulle ook alle Christelike instansies uit om die verslag met n oop gemoed te lees en krities te bestudeer en saam op die wa te klim in n diepe gemeenskap met alle Christene.

Dit is duidelik dat 2017 gemerk is vir die Katolieke Kerk om nou die 500ste Hervormings jaar te gedenk en dat dit ook die 50ste jaar is vir die Lutheraanse kerk in dialoog met die Katolieke kerk.

Dit is egter waar dat die Hervormers van vroer dit eens was dat die Pous die antichrist is. Sou ons vandag Christene vra wie die antchris is dan sal daar oor die algemeen geen duidelike antwoord daarop wees nie. Dit is egter n feit dat die karakteristieke van die antichrist in die Skrifte slegs met een koninkryk ooreenstem en en dit is die Pousdom. Daar is egter vandag gelowiges wat steeds glo in die Pousdom en daaraan vashou en lewe met die lig wat hulle het. Ons praat nie van n mens nie, maar van n sisteem. Sedert Pous Francis verkies is het hy baie gou Internasionale erkenning geniet en kan dit in hoof opskrifte in die media waargeneem word.

- “Can Pope Francis heal the dep divisionsin Christianity”
- “Francis continues to take the world by storm”
- “Pope Francis is only leader respected enough to end today’s wars”

Pous Francis speel gereeld die rol van vredes advokaat in baie konflikte soos byvoorbeeld

- Conflict between Jews and Muslims
- Conflict between USA and Cuba
- Harassments done by ISIS

‘n ander media opskrif lees:

- Pope calls for end of fundamentalism

En ons weet wat dit beteken, dat die uitsluitlike Skrif gelowige diegene

gaan wees wat as fundamentele en rebelle uitgewys gaan word. Dit sal diegene wees wat wyer om die Dier te aanbid en sy beeld. Dan sal daar n **Kruisig hulle** uitspraak gemaak word teen diegene wat wyer...

Ek verneem verder uit my bronne dat gedurende die besoek van die “**World Alliance of Reformed Churches**” in Junie 2006 aan die Algemene kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika duidelik gestel is dat daar voertoe beweeg moet word op die pad na strukturele eenwording wat ook gepaard gaan met n nuwe belydenis waarvan die Belharbelydenis n deel vorm. In die leer van die kerk behoort daar meer klem gele te word op medemenslike diensbaarheid soos onderandere armoedeverligting, die opheffing van die sogenaamde agtergeblewenes en die algemene sosiale welsyn van die massas.

So het die N.G. Kerk vandag n welsynskerk geword en so die roeping van die kerk met die bedoeling van die Hervorming verlaat en verraai. In Openbaring 13 word daar melding gemaak van die Dier wat uit die aarde opkom. Die wereldkerk toon baie ooreenkomste met hierdie Dier, want dit is ook die bedoeling van die wereldkerk om mense te verraai en te mislei in n ander godsdiens as die Protestantse Gereformeerde geloof. Die wereldkerk/ of Lam draak wese bevorder ook die belange van die New Age filosofie wat ingrypende invloed uitoefen op die kerklike en onderwys lewe oor die algemeen. Die wereldkerk bevorder ook die New Age euwel van godsdiensgelykheid wat glad nie strook met die Hervorming bedoeling van 500 jaar gelede nie.

Om die doel van misleiding te verwesenlik word daar vandag talle rade, kommissies, liggame, kerkleiers en politieke persone ingespan om die doel te verwesenlik. Onder andere soos die volgende

- WRK - Die Wereldraad van Kerke wat in 1948 in die lewe geroep is met die leuse; een kerk vir een wereld

- SARK - Die Suid Afrikaanse Raad van kerke (SACC - South African Council of Churches) Dit het dieselfde doelstellings as die die WRK en talle kerke in SA is by die wereld liggaam geaffilieer.
- WKGV – SA – Wereldkonferensie vir Godsdiens en Vrede (WCRP – World Conference on Religion and Peace)
- WARC – World Alliance of Reformed Churches
- Die Parlement van Wereldgodsdienste - wat in 1999 in Kaapstad plaasgevind het
- Die Nasionale Raad van Kerke wat moet toesien dat Protestante Rooms-Katolieke en Jode in n eenheidskerk moet saamgesnoer word.

Hierdie is maar net enkele van die talle liggame wat die idee van n wereldkerk bevorder. Dan is daar nog die bevrydingsteologie, die revolusieteologie, agente en medewerkers wat nou nie in detail genoem word nie maar almal ook mee help met die uitvoering van hierdie saak.

Vraag: Wie sal hierdie instansies, individue en liggame finansier?

Vraag: Waarom die dringendheid om aan hierdie New Age filosofie en aktiwiteite aandag te gee?

Vraag: Hoe kan dit enigsins uiting gee aan die Hervorming van 500 jaar terug?

Die wereldkerk is n hotelkerk wat alles en almal akkomodeer ongeag ras kleur geloof ens. soos die drogspreuk lui. Die wereldkerk pas sy boodskap ook na willekeur aan om die kliente en verbruikers se behoeftes, grille en giere te akkomodeer. In die wereldkerk moet alles sogenaamd verander en vernuwe word: n nuwe liturgie, n nuwe beskouing oor meditasie, oor die doop, oor die nagmaal, oor die verbonde, oor die leer en belydenis, oor die volk en oor die maagdelike geboorte van die Messiah

In die New Age filosofie word die denke van die Wereldkerk aanslag op die kerke in die algemeen bevorder. Dit wil voorkom of die kerke

vandag voor n uiters belangrike keuse te staan gekom wat het, aan die een kant is daar die verleidelike en misleidende stem van die wereldkerk wat vandag so briljant gepromoveer en afgedwing word en aan die anderkant is daar die fundamentele waarhede van kerkwees wat in die volkseie kerk gestalte vind.

Die meeste kerke erken nie meer die ryke volkere en kulturele verskeidenheid wat die Almagtige Vader geskep en tot aansyn geroep het nie. Die kerk vandag stem saam dat strukturele eenheid moet ten koste van die volk baie gou bereik word. Sonder gevaar van enige teespraak kan beweer word dat die meeste Protestantse kerke die volk, die Afrikanervolk in nood verlaat het.

OPSOMMING

Daar word groot opgang gemaak in die Gereformeerde Kerk om hierdie jaar n groot fees geleentheid van die Hervormings jaar te maak. Vir elke gelowige wat dit erns maak met sy of haar geestelike lewe, is dit duidelik dat ons in toenemende mate met n veranderde wereld, n nuwe wereld godsdienst en n andersoortige beskouing oor die kerk te make het. Die tradisionele Christelike geloof, die belydenis kerk en die beproefde evangeliese waarhede word nie langer deur die sogenaamde postmoderne wereld en kerk aanvaar nie.


Dit is ons verantwoordelikheid om kennis te neem van hierdie bedreiging van n wereldgodsdienst en wereldkerk met haar dwaalleer en misleidende dogma.

Onder die dekmantel van vordering en groei in die kerk word gepoog om die kerk as liggaam van Christus uit te brei en te bevorder deur kerkvereniging. Die bedoeling is om eers al die Protestantse kerke in n eenheidsliggaam te verenig en daarna hierdie eenheidsliggaam met die Rooms Katolieke kerk te laat saamsmelt. Die sogenaamde verenigde christelike kerke sal dan op hul beurt met al die ander gelowe van die wereld skakel om uiteindelik n wereldgodsdienst en wereld kerk daar te stel. Daar word gesoek na n nuwe eenheid in die

algemene broederskap van die mensheid en dan word alles wat in stryd is met die sogenaamde menseregte tot sonde teen die mensheid verklaar.

Groot dele van die Bybel word nou gesien en geïnterpreteer as sonde teen die mensheid. Om te aanvaar dat die kerk die mag van die antichrist bevorder is baie moeilik, maar dit is 'n wrede werklikheid waarmee rekening gehou moet word. Die verlamende en verwarrende effek van sinkretisme (godsdiensgelykheid) en die aanslag van die wereldkerk kan nie oorskat word nie.

PRENT No 1



PRENT No 2



PRENT No 3



PRENT No 4



PRENT No 5



PRENT No 6